1 AUGUSTUS 2010 **AANDDIENS**

PASTOOR DION VD MERWE

DIE BOEK EFESIëRS
EFESIëRS 2: 1

"En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes"

Dood was deur sonde.

Genesis 2:16-17 "**En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe."**

Adam en Eva het onmiddelik Geestelike dood ervaar en jare daarna liggaamlike dood.

Die resultaat van sonde.

Efesiërs 2:2 "waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk,"

Waarin julle tevore gewandel het.

Die Here vergewe ons, ons sondes, maar dit is nie 'n verskoning om aan te hou om te **sondig** nie.

Efesiërs 4:27 "en gee aan die duiwel geen plek nie."

Waarin julle tevore gewandel het. –
Daar moet 'n verandering plaasvind.

<u>Efesiërs 2:3-5</u> “**onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.**
Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus—uit genade is julle gered—“

Vers 3 – Die begeerlikhede van die vlees. Die natuur van die vlees is inherent sleg.

Van nature sleg.

Ons is gered van die dood deur: Sy grote **<u>liefde</u>**

As gevolg van Sy ryk **<u>barmhartigheid</u>** deur Sy **<u>genade</u>**

Die Here maak ons lewendig deur Sy **<u>genade</u>**

<u>Efesiërs 2: 6-7</u> “en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus, sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus.”

Saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus.

<u>1 Petrus 3:22</u> “wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van God is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is.”

Dit wat met Jesus letterlik gebeur het, het ook geestelik met jou gebeur. Jou Gees is lewend gemaak en jy het ‘n plek in die hemel gekry.

Jou liggaam gaan ook doodgaan, maar God gaan jou dooie liggaam “lewend maak” **<u>herskep.</u>**

<u>1 Kor.15:2 – 23</u> "waardeur julle ook gered word as julle daaraan vashou op die wyse waarop ek dit aan julle verkondig het, of julle moet tevergeefs geglo het.
Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte;
en dat Hy aan Céfas verskyn het; daarna aan die twaalf.
Daarna het Hy verskyn aan oor die vyf honderd broeders tegelyk, waarvan die meeste nou nog lewe, maar sommige al ontslaap het.
Daarna het Hy verskyn aan Jakobus; daarna aan al die apostels;
en laaste van almal het Hy verskyn ook aan my as die ontydig geborene.
Want ek is die geringste van die apostels, wat nie werd is om 'n apostel genoem te word nie, omdat ek die gemeente van God vervolg het.
Maar deur die genade van God is ek wat ek is, en sy genade aan my was nie tevergeefs nie; maar ek het oorvloediger gearbei as hulle almal; nogtans nie ek nie, maar die genade van God wat met my is.
Of dit nou ek of hulle is, so preek ons en so het julle geglo.
As dit dan gepreek word dat Christus uit die dode opgewek is, hoe sê sommige onder julle dat daar geen opstanding van die dode is nie?
As daar geen opstanding van die dode is nie, dan is Christus ook nie opgewek nie.
En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof; en dan word ons valse getuies van God bevind, omdat ons teen God getuig het dat Hy Christus opgewek het, wat Hy nie opgewek het nie, ten minste as die dode nie opgewek word nie.
Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie; en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes; dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore.
As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense.
Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het.
Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens.
Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms."

En dan gaan jy na **Gees** en **liggaam** ewig saam met die Here regeer.

OPENBARING 3:21 "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.

Efesiërs 2: 8-9 "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.

As jy 'n geskenk van iemand ontvang gaan jy nie vra wat skuld ek jou nie, maar sê baie dankie.

Vers 8 dit is 'n gawe van God - 'n geskenk van God.

Dit wat jy ontvang het, gebruik dit nou tot eer van Hom.

Efesiërs 2:10 "Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel."

Jy werk nie om iets te bewerkstellig nie, maar jy het redding ontvang en nou werk jy as gevolg van wat jy ontvang het uit dit wat jy nou **het.**

SLOT

DIE LEWE VOOR EN NA REDDING.

KOM ONS DANK HOM SAAM.